Kopiereg voorbehou

Van, Voorletters:	
Studentenommer:	
Geboortedatum:	
Telefoonnommer:	
Jaar van matriek:	
Moedertaal:	
Toetslokaal:	
Toetstyd:	
Fakulteit:	

Voorbeeldtoets

TAG

Toets van Akademiese Geletterdheidsvlakke

Tyd: 80 minute **Punte: 110**

1. TAG is die akademiese geletterdheidstoets van die Noordwes Universiteit en die Universiteite van Pretoria, Stellenbosch en die Vrystaat. Geen gedeelte van hierdie toets mag elektronies of op enige ander manier gekopieer, versprei of gebruik word sonder die geskrewe toestemming van die kopiereghouer nie.
2. U word op géén manier benadeel deur hierdie toets af te lê nie. Dit word gebruik om u vlak van akademiese geletterdheid te meet ten einde aanbevelings te kan maak oor gepaste kursusse wat u kan/moet volg. Die toetsresultate word ook gebruik vir navorsing om die toets voortdurend te verbeter.
3. Deur u handtekening hier onder te plaas, verklaar u dat u ten volle ingelig is oor die doel van die toets en dus toestemming gee dat die resultate gebruik mag word vir navorsing sonder om u as individu te identifiseer.

....

Handtekening Datum

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)

Afdeling 1: Skommelteks

Die onderstaande sinne se volgorde is doelbewus verander. Dui aan wat die korrekte volgorde daarvan behoort te wees, deur u keuse op die los antwoordblad te merk.

Die gebruik van biomassa en insekte om sintetiese rubber te vervaardig

A. Een van hierdie petroleum-neweprodukte is isopreen, wat gebruik word om die sintetiese rubber in motorbande te vervaardig.
B. Dít beteken dat olie (tot 26 liter) nie meer nodig sal wees om die sintetiese rubber daarin te vervaardig nie.
C. Olie word nie net gebruik vir die brandstof wat motors se binnebrandenjins aandryf nie.
D. Nou het wetenskaplikes egter met ’n manier vorendag gekom om ‘groener’ bande te maak deur isopreen biologies te vervaardig met behulp van geneties aangepaste insekte.
E. Die neweprodukte van olie is ook die basis van baie ander materiale waarvan motors gemaak word.

[aangepas en vertaal uit *The Economist*, 24 April 2010, bl. 75]

1. Watter sin het u **eerste** geplaas?
2. Watter sin het u **tweede** geplaas?
3. Watter sin het u **derde** geplaas?
4. Watter sin het u **vierde** geplaas?
5. Watter sin het u **vyfde** geplaas?

[5]

Voorbeeldtoets

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)

Afdeling 2: Interpretasie van grafieke

Bestudeer die grafiek hier onder, wat die wêreldwye produksie van sowel natuurlike (eerste kolom) as sintetiese rubber (tweede kolom) in die tydperk 2007–2009 saamvat. Die syfers vir 2010 was 'n vooruitskatting. Beantwoord dan die vrae wat volg.



([Aanlyn]. Beskikbaar http://www.rubberstudy.com/documents/WebSiteData.pdf. Accessed 26 July 2010. Sommige data gewysig/fiktief).

6. Daar is 'n betreklik duidelike tendens te bespeur in die produksie van sowel natuurlike as sintetiese rubber, naamlik:
   A. dat produksie stelselmatig oor die jare toeneem;
   B. dat produksie stelselmatig oor die jare afneem;
   C. dat produksie in tandem toeneem en daarna afneem; of
   D. 'n konvergensie in die produksie van die twee soorte rubber.

7. In watter jaar was die produksie van natuurlike rubber gelykstaande aan 50% van die produksie van sintetiese rubber?
   A. 2007
   B. 2008
   C. 2009
   D. 2010

Voorbeeld

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)

8. Die produksie van natuurlike rubber in 2008 was:
    A. 10 000 ton
    B. 100 000 ton
    C. 1 miljoen ton
    D. 10 miljoen ton

9. In 2008 het die produksie van sintetiese rubber die produksie van natuurlike rubber met presies oorskry:
    A. 12,5%
    B. 20%
    C. 22,5%
    D. 25%

10. Tussen 2009 en 2010 sou die produksie van natuurlike rubber na raming toeneem met:
    A. ’n derde
    B. ’n kwart
    C. ’n agste
    D. ’n twaalfde

11. Die grafiek toon duidelik dat die produksie van natuurlike rubber proporsioneel die naaste aan die produksie van sintetiese rubber was in:
    A. 2007
    B. 2008
    C. 2009
    D. 2010

12. In watter tydperk het die produksie van sintetiese rubber die skerpste afgeneem?
    A. 2007 en 2008
    B. 2008 en 2009
    C. 2009 en 2010
    D. 2008 en 2010

13. In watter tydperk het die produksie van sintetiese rubber met 4% afgeneem?
    A. 2007 en 2008
    B. 2008 en 2009
    C. 2009 en 2010
    D. 2008 en 2010

14. In watter tydperk was daar ’n soortgelyke afname (van 4%) in die produksie van natuurlike rubber?
    A. 2007 en 2008
    B. 2008 en 2009
    C. 2009 en 2010
    D. 2008 en 2010

Voorbeeldtoets

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)

15. In watter tydperk het die produksie van natuurlike rubber die skerpste toegeneem?
    A. 2007 en 2008
    B. 2008 en 2009
    C. 2009 en 2010
    D. 2008 en 2010

[10]

Afdeling 3: Woordeboekdefinisies

Pas die volgende trefwoorde by die korrekte definisie. Merk u keuse op die los antwoordblad:

16. **toestemming**
    A. geheime stemming tydens 'n verkiesing
    B. formele of seremoniële goedkeuring
    C. instemming; inwilliging
    D. resultaat of sosiaal gepaste effek

17. **aflei**
    A. [be]oordeel op grond van bewyse en beredenering eerder as eksplisiete stellings
    B. 'n uitwerking hê op, 'n verskil maak aan; tot emosie beweeg
    C. voorgee om te hê of te voel; op pretensieuse wyse veronderstel, aanwend of dra
    D. (tegnies) van 'n reguit trajek wegbuig of deflekteer, veral inwaarts

18. **hipotese**
    A. 'n kunsledemaat; die toevoeging van 'n letter of sillabe tot die begin van 'n woord
    B. voorlopige oplossing op grond van beperkte bewyse wat dien as vertrekpunt vir verdere ondersoek
    C. deel van die frontale brein wat liggaamstemperatuur, honger en dors beheer en 'n rol speel by slaap
    D. (medies) toestand wat deur 'n abnormaal lae (en klinies gevaarlike) liggaamstemperatuur gekenmerk word

19. **remedieer**
    A. fatsoenlik maak
    B. regmaak; herstel
    C. skriftelik bespreek
    D. medisyne voorskryf

20. **inkorporeer**
    A. iemand se voorbeeld volg; hom/haar nadoen
    B. samehorig; bymekaar passend; homogeen
    C. aan mekaar of aan iets bind/verbind
    D. verenig met; inlyf by; opneem in

[5]

Voorbeeldtoets

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)

Afdeling 4: Register en tekstipe

Die sinne hier onder is voorbeelde van verskillende tekstipes, soos advertensies, instruksiehandleidings en akademiese handboeke. Pas 'n item uit die eerste stel (21–25) by 'n item uit die tweede stel (A–E). Byvoorbeeld, as jy dink 22 se taal behoort tot dieselfde tekstipe as A, sal jou antwoord 22A wees.

21. Hoewel nuwe batterytegnologieë gedurig beskikbaar word, beperk batterygewig en -grootte steeds nuwemotorontwikkeling.
22. Op die gebied van statistiek geniet ons internasionale algemene streeksekretariaat (RSG – Regional Secretariat General) 'n ryk tradisie en spog dit met ongeëwenaarde kundigheid.
23. Niefiksieboeke vir die algemene publiek konsentreer gewoonlik op 'n enkele onderwerp en dek dit in die fynste besonderhede om diepgaande insig te bied.
24. Hou aan lei, hou aan leer. In vandag se uitdagende sake-omgewing moet leiers soos jy tyd maak om terug te staan.
25. Opmerklike, aanhoudende toenames in serumtransaminases (selfs meer as drie keer die normale boperk) het plaasgevind.

A. Handboeke moet soveel as moontlik van 'n vakgebied in die geheel dek, gevolglik word belangrike aspekte van individuele onderwerpe dikwels uitgelaat of as onbeduidend voorgestel.
B. Soos met tradisionele samestellings, bestaan die materiaal uit geweefde stroke koolstofvesel wat met hars verstewig is.
C. Moeilike tye beteken moeilike besluite, en verantwoordelike bestuurders moet gereed wees om sulke besluite te neem. Vertrou ons om jou met die nodige vaardighede hiervoor toe te rus.
D. Verhoogde kreatienkinase- (KK-)vlakke (van skeletspiere) sowel as spiergevoeligheid word dikwels aangemeld.
E. Data oor produksie en verbruik – van sowel natuurlike as sintetiese rubber – verskyn kwartaalliks in ons Bulletin.

[5]

Voorbeeldtoets

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)

Afdeling 5: Akademiese woordeskat

Kies die beste moontlike antwoord uit die lys van opsies:

26. 'n Mens moet leer om wetenskaplik te argumenteer. Dit is om te debatteer of om 'n vraag te bespreek en om argumentering te gebruik om 'n teorie te staaf of te…..

    A. konsulteer
    B. weerlê
    C. bekom
    D. verstrek

27. Dit is die plig van die leerder om waarhede wat aan hom gestel word te ..... of te absorbeer.

    A. beïnvloed
    B. veronderstel
    C. handhaaf
    D. assimileer

28. Die beperkende kode van taal laat stellings gewoonlik oop, wat die luisteraar verplig om ..... of te raai wat bedoel word.

    A. af te lei
    B. te impliseer
    C. voor te skryf
    D. te reflekteer

29. Baie studente onderstreep en gebruik kleur as metodes om leer te ..... .

    A. frustreer
    B. inhibeer
    C. fasiliteer
    D. formuleer

30. Portuurgroepe neem dikwels die vorm aan van 'n klub of 'n bende, en daar word van groeplede verwag om te ..... met die idees en norme van die groep.

    A. konsulteer
    B. demarkeer
    C. kompeteer
    D. konformeer

Voorbeeldtoets

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)

31. Sommige stellings wat deur teoretici gemaak word, kan nie aanvaar word as feite nie, aangesien dit oop is vir ..... .

A. dispuut
B. verwording
C. variasie
D. gebrekkigheid

32. Toe privaatskole in Suid-Afrika tot stand gekom het, was dit daarop gerig om gebruike van Britse privaatskole te ..... ; daarom is gebruike soos lyfstraf vir seuns opgeneem in die skoolbeleid.

A. modifiseer
B. onthul
C. impliseer
D. inkorporeer

33. Veral kinders is uiters ..... vir die invloed van die media, omdat hulle nie boodskappe krities beoordeel nie.

A. subjektief
B. inspirerend
C. afgestomp
D. vatbaar

34. Wanneer iets aan 'n mens verduidelik word, is dit nodig om bewustelik elke stap van die verduideliking te verstaan en om nie net ..... te lees nie.

A. spesifiek
B. toereikend
C. betekenisvol
D. oppervlakkig

35. Die mens gebruik positiewe en negatiewe syfers om te ..... tussen temperature wat bo of onder 0^{o}C lê.

A. evalueer
B. takseer
C. fluktueer
D. diskrimineer

36. Sommige van hierdie probleme kan opgelos word deur gebruik te maak van die ..... rekenaarsagteware.

A. genoegsame
B. gepaste
C. alternatiewe

Voorbeeldtoets

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)

D. antivirus

37. Hy het deur sy lewenswerk 'n ..... verbintenis tot die herstel van die waardigheid van die mens getoon. Na my mening verdien hy dit onteenseglik om op hierdie wyse vereer te word.

A. gewaarborgde
B. versoenbare
C. diepgaande
D. voorlopige

38. Die ..... van hierdie verskynsels neem algaande af met verloop van tyd: dit was nietemin besonder lastig vir die 17de-eeuse outokrasie.

A. inperking
B. insident
C. verval
D. voorkoms

39. Die koning se laaste dae is gekenmerk deur 'n geweldige vernedering deur die parlement, sy agente en die weermag, en 'n finale ..... van sy magte as regeringshoof.

A. instelling
B. inskerping
C. ineenstorting
D. inroeping

40. Geesteswetenskaplikes het baie en uiteenlopende verduidelikings vir die ..... in tradisionele professies om verandering aan te gryp.

A. intensiteit
B. ontoereikendheid
C. beperktheid
D. teensinnigheid

[30]

Voorbeeldtoets

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)

Afdeling 6: Teksbegrip en numeriese vergelykings

Lees die onderstaande teks noukeurig deur, en beantwoord dan die vrae wat volg.

Wêreld se beste brouerye bekyk die Tsjeggiese toneel

DIE Tsjegge is die wêreld se grootste bierdrinkers en, met hul gunsteling geliefkoosde dop wat minder as gebottelde water of Coca-Cola kos, wie kan hulle kwalik neem? Die nasie wat aan die wêreld die term 'pilsner' gegee het, uit die westelike Tsjeggiese stad Pilsen, brou biere soos die Budvar Budweiser en Pilsner Urquell. Die rofweg 10 miljoen Tsjegge drink gemiddeld 160 liter per persoon per jaar— dis byna 'n halwe liter vir elke man, vrou en kind elke dag — nogal 'n hele klomp glase meer as die wêreld se tweede grootste bierdrinkers, die Duitsers, teen 'n skamele 125 liter per persoon.

2 Maar een ding wat die Tsjegge nie wil doen nie, is om meer vir hulle gunstelingdrankie te betaal.

3 Die probleem vir die grootste Tsjeggiese brouery, Plzensky Prazdroj, wat besit word deur die wêreld se no. 2 brouery, *SAB-Miller plc*, is hoe om mense sover te kry om meer vir hul beroemde biere te betaal en die brouery meer winsgewend te maak.

4 Die land is 'n sleutelgebied vir die Castle- en Miller-bierbrouers — en die vyfde grootste nasionale winsverdiener naas Suid-Afrika, die VSA, Sjina en Pole. Sy besturende direkteur, Steve Woodward, gee toe dat die Tsjegge nie eintlik juis oor veel ekstra kapasiteit beskik om meer bier te kan drink nie en verwag dus dat die markvolume van 16 miljoen hektoliter teen 1% per jaar sal begin krimp.

5 "Ons het goeie bier, lae pryse en geen geneentheid by die kliënt om meer te betaal nie. Brouerye hier torring werklik op eie risiko aan die bierprys," het Woodward Vrydag opgemerk by die Pilsen-brouery, ongeveer 120 kilometer wes van Praag en een van die maatskappy se drie brouerye.

6 In 'n land waar die goedkoopste bier 2.5 Tsjeggiese krone (ongeveer 80c) vir 'n halwe liter kos, minder as mineraalwater teen ongeveer 8 krone en Coke teen 20 krone, is dit moeilik om die Tsjegge te oorreed om hoër pryse te aanvaar.

7 Woodward se plan is om inkomste met 3% per jaar te vermeerder deur die markaandeel te verhoog en uitvoere aan te moedig. Prysverhogings kan moontlik makliker raak wanneer die Tsjegge toegang tot die Europese Unie verkry in Mei aanstaande jaar. Woodward het met die markaandeel 'n goeie begin gemaak. Sedert 1999, toe SAB-Miller die brouery gekoop het, het sy nasionale aandeel van 43% tot 47% gestyg op die rug van die land se twee voorste handelsmerke, Gambrinus en Radegast.

8 Hy is nou aan die werk om uitvoere van hul prima handelsmerk, Pilsner Urquell, te versterk – veral dié na Brittanje, die VSA en Duitsland. Die plan sluit in die verhoging van die Pilsner Urquell-produksie by die Pilsen-brouery vanaf 1.5 miljoen tans tot 5 miljoen hektoliter. Die grootste deel van daardie verhoging is bestem vir die uitvoermark. Op die oomblik word die helfte van die brouery se Pilsner Urquell-produksie na oorsese lande uitgevoer.

9 Verder is die mededinging ook besig om sterker te raak. België se Interbrew het in 2000 die beheer van Prazske Pivovary gekoop, wat aan hulle 'n markaandeel van 14.5% gee. Heineken het vanjaar 'n 4% aandeel opgebou, gesteun deur sy aanwins van BBAG.

10 Die no. 3-speler met 'n 6.7% aandeel is die brouery in staatsbesit, Budejovichy Budvar, die vervaardiger van Budweiser-bier en 'n handelsmerkmededinger van die VSA-reus Anheuser-Busch. — *Reuters*

(Vertaal uit die *Sunday Times, Business Times* van 21 September 2003, p. 3)

Voorbeeldtoets

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)

41. Die titel van die artikel
    A. is 'n vergelyking tussen Tsjeggiese en ander soorte bier.
    B. lewer kommentaar oor die gehalte van Tsjeggiese bier.
    C. sê dat brouerye in Tsjeggië onder die loep geneem word.
    D. voorspel die toekoms van Tsjeggiese bier.

42. Van daardie lande waarin SAB-Miller sake doen (paragraaf 4), is die winsgewendste filiaal geleë in
    A. die Tsjeggiese Republiek.
    B. Pole.
    C. die VSA.
    D. Suid-Afrika.

43. Die derde winsgewendste land vir SAB-Miller is
    A. die Tsjeggiese Republiek.
    B. Suid-Afrika.
    C. die VSA.
    D. Sjina.

44. Die woord ‘sy’ in paragraaf 4 verwys na:
    A. Plzensky Prazdroj
    B. Suid-Afrika
    C. Steve Woodward
    D. Pilsner Urquell

45. Dit is duidelik uit die inligting in paragraaf ses dat 'n beroemde handelsmerk se koeldrank
    A. twee keer soveel soos bier in die Tsjeggiese Republiek kos.
    B. drie keer soveel soos bier in hierdie land kos.
    C. vyf keer soveel soos bier in hierdie land kos.
    D. agt keer soveel soos bier in hierdie land kos.

46. Selfs mineraalwater kos net 'n bietjie meer as
    A. twee keer soveel soos bier.
    B. drie keer soveel soos bier.
    C. vier keer soveel soos bier.
    D. vyf keer soveel soos bier.

47. In Suid-Afrikaanse geld sou 'n koeldrank wat in die Tsjeggiese Republiek gekoop word, in die omgewing van
    A. R3,20 kos.
    B. R4,80 kos.
    C. R5,60 kos.
    D. R6,40 kos.

Voorbeeldtoets

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)

48. Paragrawe 5 en 6 spel die hoofprobleem waarmee Steve Woodward te kampe het, in groot besonderhede uit. Hierdie punt word bondig opgesom in paragraaf:
    A. twee
    B. vier
    C. sewe
    D. agt

50. Die oplossing vir bogenoemde probleem lê daarin om:
    A. produksie op te stoot sodat die Tsjegge meer bier het om te koop
    B. 'n groter gedeelte van die mark te bekom, en bieruitvoere te verhoog
    C. pryse te verhoog en te hoop dat inkomste daardeur vergroot sal word
    D. nuwe handelsmerke te ontwikkel of die maatskappy te verkoop

51. Watter een van die volgende pas nie in die lys nie?
    A. Plzensky Prazdroj
    B. Prazske Pivovary
    C. Budejovichy Budvar
    D. Pilsner Urquell

52. Kies die woord wat nie in die volgende lys pas nie:
    A. Gambrinus
    B. Budweiser
    C. Interbrew
    D. Pilsner

53. Die rede vir my keuse in vraag 47 is dat dit, anders as die ander, nie ook 'n
    A. handelsmerk is nie.
    B. leier is nie.
    C. brouery is nie.
    D. uitvoer is nie.

54. Kies uit die volgende lys, op grond van waarskynlike grootte, die een wat nie pas nie:
    A. Plzensky Prazdroj
    B. SAB-Miller
    C. Interbrew
    D. Anheuser-Busch

55. Die rede vir my keuse in vraag 49 sou kon wees dat dit
    A. die wêreld se no. 2 brouery is, en no. 1 op hierdie lys.
    B. 'n groot Belgiese brouery is, en no. 2 op hierdie lys.
    C. 'n reuse Amerikaanse brouery is, en die derde hoogste plek inneem.
    D. die enigste Tsjeggiese brouery op hierdie lys is.

Voorbeeldtoets

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)

Kyk na die volgende lys drankies wat aan die verbruiker in die Tsjeggiese Republiek beskikbaar is, en rangskik hulle van die duurste tot die goedkoopste:

A. goedkoop bier
B. Coca-Cola
C. mineraalwater

Die een wat

56. eerste kom, is (A) (B) (C)
57. tweede kom, is (A) (B) (C)
58. derde kom, is (A) (B) (C)

Kyk na die volgende lys brouerye wat in die Tsjeggiese Republiek sake doen:

A. Budejovichy Budvar
B. Plzensky Prazdroj
C. Heineken
D. Prazske Pivovary

Indien u hulle op grond van markaandeel van groot na klein moes rangskik, watter een sou u

59. eerste plaas? (A) (B) (C) (D)
60. tweede plaas? (A) (B) (C) (D)
61. derde plaas? (A) (B) (C) (D)
62. vierde plaas? (A) (B) (C) (D)

[35]

Voorbeeldtoets

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)

Afdeling 7: Teksredigering

Hieronder volg 'n stukkie teks. In hierdie teks is daar enkele woorde weggelaat. Lees dit eers om 'n geheelbeeld van die teks te vorm voordat u enige van die vrae beantwoord.

’n Beduidende ontwikkeling in rubbervervaardiging

Charles Goodyear (1800–1860) het die vulkanisasie van rubber ontdek toe hy ’n proefneming gedoen het deur ’n rubber-en-swawel-mengsel te verhit. Die Goodyear-verhaal spreek van óf blote geluk óf deeglike navorsing, maar albei is aanvegbaar. Goodyear het daarop aangedring dat die geval was, hoewel baie van sy tydgenote se weergawes daarop dui dat die geval was. Goodyear het beweer dat hy vulkanisasie 1839 ontdek het, maar hy het tot 15 Junie 1844 gewag voordat hy die gepatenteer het, en het jare daarna, in 1853, die verhaal oor die ontdekking in sy outobiografiese boek *Gum-Elastica* vertel. Thomas Hancock (1786–1865), ’n wetenskaplike en ingenieur, het die proses 21 November 1843 in die Verenigde Koninkryk gepatenteer, agt weke voordat Goodyear om sy eie VK-patent gedoen het. Goodyear nie voordeel uit sy uitvinding getrek nie. Wat ware geskiedenis ook al mag wees, die ontdekking van die rubber-swawel het 'n omwenteling in die gebruik en toepassings van rubber veroorsaak en die aard van die industriële wêreld verander.

([Aanlyn]. Beskikbaar http://en.wikipedia.org/wiki/Vulcanization#Goodyear.27s_contribution. Toegang bekom op 26 Julie 2010.)

Die onderstaande vrae het betrekking op gedeeltes van bostaande teks. Daardie dele wat betrekking het, is telkens in 'n blokkie geplaas. In elkeen van hierdie blokkies is daar 'n aantal woorde weggelaat. U moet die plek aandui waar die woorde weggelaat is, sowel as die woord wat daar weggelaat is. Hier volg twee voorbeelde:

Charles Goodyear (1800–1860) het die vulkanisasie van rubber ontdek toe hy ’n proefneming gedoen het deur ’n rubber-en-swawel-mengsel te verhit. Die Goodyear-verhaal spreek van óf blote geluk óf deeglike navorsing, maar albei is aanvegbaar. Goodyear het [i] daarop aangedring dat [ii] die geval was, hoewel baie van [iii] sy [iv] tydgenote [i] se [ii] weergawes [iii] daarop dui dat [iv] die geval was.

Waar is die woord weggelaat?

A. By (i)
B. By (ii)
C. By (iii)
D. By (iv)

Watter woord is hier weggelaat?

A. inderdaad
B. baie
C. eersgenoemde
D. histories

Oorbeeldtoets

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)

Waar is die woord weggelaat?

A. By (i)
B. By (ii)
C. By (iii)
D. By (iv)

Watter woord is hier weggelaat?

A. histories
B. laasgenoemde
C. nou
D. onaanvegbaarheid

Beantwoord nou die volgende vrae op dieselfde manier:

Goodyear het **63&64** [i] beweer dat hy [ii] vulkanisasie [iii] 1839 [iv] ontdek het, maar hy het **65&66** [i] tot 15 Junie 1844 [ii] gewag voordat hy [iii] die [iv] gepatenteer het, **67&68** [i] en het [ii] jare [iii] daarna [iv], **69&70** [i] in 1853, [ii] die verhaal oor die ontdekking in sy [iii] outobiografiese boek *Gum-Elastica* [iv] vertel.

63. Waar is die woord weggelaat?

A. By (i)
B. By (ii)
C. By (iii)
D. By (iv)

64. Watter woord is hier weggelaat?

A. eers
B. rubber
C. jaar
D. in

65. Waar is die woord weggelaat?

A. By (i)
B. By (ii)
C. By (iii)
D. By (iv)

66. Watter woord is hier weggelaat?

A. toe
B. blykbaar
C. uitvinding
D. volledig

67. Waar is die woord weggelaat?

A. By (i)
B. By (ii)
C. By (iii)
D. By (iv)

68. Watter woord is hier weggelaat?

A. eers
B. toe
C. tot
D. volledig

69. Waar is die woord weggelaat?

A. By (i)
B. By (ii)
C. By (iii)
D. By (iv)

70. Watter woord is hier weggelaat?

A. voor
B. in
C. vir
D. semi-

Voorbeeldtoe

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)

71&72 [i] Thomas [ii] Hancock (1786–1865), 'n [iii] wetenskaplike en [iv] ingenieur, het 73&74 [i] die [ii] proses [iii] 21 November 1843 in die [iv] Verenigde Koninkryk gepatenteer, agt 75&76 [i] weke voordat Goodyear om sy eie [ii] VK-patent [iii] gedoen het [iv].

71. Waar is die woord weggelaat?

A. By (i)
B. By (ii)
C. By (iii)
D. By (iv)

72. Watter woord is hier weggelaat?

A. industriële
B. chemiese
C. lord
D. intussen

73. Waar is die woord weggelaat?

A. By (i)
B. By (ii)
C. By (iii)
D. By (iv)

74. Watter woord is hier weggelaat?

A. hele
B. homself
C. op
D. van

75. Waar is die woord weggelaat?

A. By (i)
B. By (ii)
C. By (iii)
D. By (iv)

76. Watter woord is hier weggelaat?

A. volledige
B. volle
C. aansoek
D. individuele

77&78 [i] Goodyear [ii] nie [iii] voordeel uit sy [iv] uitvinding getrek nie.

77. Waar is die woord weggelaat?

A. By (i)
B. By (ii)
C. By (iii)
D. By (iv)

78. Watter woord is hier weggelaat?

A. terwyl
B. weinige
C. het
D. sou

Voorbeeldtoets

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)

Wat **79&80** [i] ware [ii] geskiedenis ook al [iii] mag wees, [iv] die ontdekking van die rubber-swawel **81&82** [i] het 'n omwenteling in die [ii] gebruik en [iii] toepassings van [iv] rubber veroorsaak en die aard van die industriële wêreld verander.

79. Waar is die woord weggelaat?

A. By (i)
B. By (ii)
C. By (iii)
D. By (iv)

80. Watter woord is hier weggelaat?

A. sy
B. die
C. feitelike
D. hier

81. Waar is die woord weggelaat?

A. By (i)
B. By (ii)
C. By (iii)
D. By (iv)

82. Watter woord is hier weggelaat?

A. gevulkaniseerde
B. verskeie
C. industriële
D. -reaksie

[TOTAAL: 110]

Voorbeeldtoets

© 2011: ICELDA (Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment)